

# Mededinging: Baie faktore om te oorweeg

Hoe raak die Mededingingswet bedryfsorganisasies in die Suid-Afrikaanse landboubedryf en spesifiek die graansektor?

Die onderlinge samewerking tussen bedryfsorganisasies en deelnemers in die landbouwaardeketting om nasionale bedryfstandaarde in te stel en om gesamentlik navorsing daaroor te doen, behoort nie deur die Mededingingswet (Wet 89 van 1998) geraak te word nie. Die bepalings van dié wet moet egter altyd in ag geneem word.

Bedryfsorganisasies verteenwoordig hul lede en bevorder laasgenoemde se gemeenskaplike belange. Die lede van die bedryfsorganisasies of verenigings is gewoonlik mededingers in dieselfde bedryf of sektor en woon gereeld vergaderings van hul bedryfsorganisasie by.

Die bedryfsorganisasie koördineer dikwels die uitruil van inligting tussen mededingers. Bedryfsorganisasies samel die inligting in en versprei dit onder lede. Dié soort inligting kan byvoorbeeld betrekking hê op beleggings, indiensnemingsyfers, lone en produkstandaarde. Die inligting word uitgeruil met die doel om kommunikasie tussen mededingers, kliënte en die staat te verbeter.

Die inligting wat uitgeruil word, behoort mededinging op die mark te verbeter. 'n Voorbeeld van inligting wat op vergaderings uitgeruil kan word, is inligting om die veiligheid van personeel te verbeter. Mededingers kan hul persoonlike ondervinding deel en planne beraam om projekte (gesamentlike werksessies, navorsing en opleiding) te finansier om die veiligheid van personeel te bevorder.

Bedryfsorganisasies vervul 'n nuttige funksie om gesamentlike opleiding te verskaf, nuwe tegnologie te bevorder en regulasies te verbeter. Daar moet egter deurlopend gewaak word dat bedryfsorganisasies en hul lede nie onderling gebruik word om inligting wat die vlak van mededinging in 'n waardeketting kan verlaag, uit te ruil nie. Gesprekke tussen die lede van 'n bedryfsorganisasie wat handel oor hul individuele besigheidstrategieë, markaandeel, kliënte, verkope en koste van dienste gelewer, asook vooruitskattings is taboe.

## Navorsing: Oorweeg dít

Die navorsingsprojekte wat gesamentlik deur die betrokke deelnemers gedoen word, is elke keer uniek en die beoogde uitkoms van die navorsing het 'n ander navorsingsdoelstelling.

Dit is daarom belangrik om te weet of die gesamentlike navorsing aan die Mededingingswet voldoen of nie. Die uitkoms of resultaat van die navorsing tussen mededingers en ander deelnemers in die waardeketting moet ten doel hê om mededinging te verhoog.

Bedryfsorganisasies of deelnemers wat gesamentlike navorsing beplan met die oog op nuwe bedryfstandaarde, moet vooraf seker maak dat die doelstelling en uitkoms daarvan aan die riglyne van die wet gaan voldoen. Hou die volgende in gedagte en win dalk 'n regsmening in as onsekerheid heers:

- Is dit vir die lede van 'n bedryfsorganisasie toelaatbaar om oor 'n sekere aspek gesamentlik navorsing te doen en/of om as 'n bedryfsorganisasie saam met ander sektore of individue in die waardeketting wat nie noodwendig mededingers is nie, navorsing te doen?
- Is dit toelaatbaar om saam te stem waaroor die navorsing gedoen moet word met die uiteindelike doel om 'n nuwe bedryfstandaard daar te stel?
- Is dit toelaatbaar om gesamentlik bedryfstandaarde en kriteria vir die beoogde standaarde te stel?

Die uitkoms van gesamentlike navorsing tussen die lede van 'n bedryfsorganisasie wat daartoe kan lei dat 'n nuwe bedryfstandaard op deelnemers in 'n waardeketting bindend gaan wees, moet deur alle geraakte partye aanvaar word ná 'n openbare konsultasieproses of forum.

## Wees toeganklik

Die lede van 'n bedryfsorganisasie moet sekerheid hê oor hul wetlike deelname aan gesamentlike navorsing deur die volgende vrae te vra:

- Voldoen die aannames oor die navorsing en die redes om die navorsing te onderneem, aan die riglyne van die wet?
- Gaan die navorsing en die stel van standaarde en prosesse wat op die navorsing gegrond is, die mededinging voordelig of nadelig raak? Deelnemers wat nie mededingers is nie, maar saam met ander aan navorsing deelneem wat tot 'n afname in mededinging kan lei, kan hulle ook aan 'n misdryf skuldig maak.
- Is die doel van die navorsing om pryse te beperk?
- Is die doel van die navorsing om innovasie te beperk?
- Diskrimineer of sluit die navorsing sekere ondernemings uit deurdat hulle nie toegang gaan hê tot die nuwe standaard nie?
- Val die beoogde standaard of kriteria vir die standaard wat die uitkoms van die navorsing kan wees, binne die definisie van 'n kartel, wat ontoelaatbaar is?
- Is die beoogde uitkoms van die navorsing om 'n nuwe, duidelike en rigtinggewende bedryfstandaard daar te stel om mededinging te verhoog?
- Gaan die navorsing die plaaslike bedryf help om meer op internasionale standaard te kom tot voordeel van die totale waardeketting?
- Gaan die nuwe bedryfstandaard deelname van mededingers op die mark bevoordeel en daartoe bydra dat hulle nie die mark verlaat nie?

Bedryfsorganisasies en hul lede kan deur wettige gesamentlike navorsing mededinging tot voordeel van die totale waardeketting help verhoog. Die uitkoms van die navorsing en nuwe bedryfstandaarde wat daarop gegrond gaan wees, moet vir alle deelnemers toeganklik en aanvaarbaar wees. LBW

*Wessel Lemmer is die hoofbestuurder van Agbiz Grain.*